**Die uitbeelding en resepsie van lesbiese hoofkarakters in die jeugromans *Toe ons oneindig was* (2020) deur Zelda Bezuidenhout en *Zij en haar* (2004) deur Dirk Bracke**

**Dr Ihette Senekal**
**Unisa**

Vir jongmense is onbevooroordeelde, uitgebreide inligting oor homoseksualiteit nie maklik bekombaar nie, en dit is selfs nog moeiliker vir tieners om positiewe rolmodelle in fiksie wat vir hulle eie lewe relevant is, te kry (Cart, 1997). Jeugliteratuur kan moontlik oplossings bied ten opsigte van hierdie leemte. 'n Jeugroman kan vir 'n tiener wat twyfel oor sy/haar seksualiteit 'n veilige plek bied om na antwoorde te soek. Dit is dus belangrik dat die tienerleser hom/haar kan identifiseer met die roman, want identifiseerbare karakters kan die leser in die proses van selfontwikkeling steun (Rhebergen & Human, 2015:40).

Jeugromans wat gay/lesbiese karakters uitbeeld, is nie alleen belangrik vir tieners wat worstel met hulle eie seksualiteit nie, maar kan ook die heteroseksuele leser insig en empatie gee oor stereotipering en/of humanisering van hulle homoseksuele ouderdomsgenote (Rhebergen & Human, 2015:41). Hieruit blyk die kulturele belang van literêre tekste. Die jeugroman wat homoseksualiteit as onderwerp uitbeeld, hou die moontlikheid in om 'n invloed te kan hê op die samelewing. Hierin setel daar 'n verantwoordelikheid om met omsigtigheid te werk te gaan met die uitbeelding van homoseksuele karakters in jeugromans.

Peeters (2004) lewer in terme hiervan 'n pleidooi vir "adolescentenromans [...] een maatschappijkritisch standpunt in[nemen] dat op genuanceerde wijze wordt uitgewerkt, zonder tot moralisme te vervallen. Deze romans dichten de kloof tussen het specifieke discours van jeugdliteratuur enerzijds en de holebithematiek anderzijds op een geloofwaardige en genuanceerde wijze".

In hierdie referaat sal daar ondersoek ingestel word na die uitbeelding en resepsie van lesbiese hoofkarakters in die jeugromans *Toe ons oneindig was* (2020) deur Zelda Bezuidenhout en *Zij en haar* (2004) deur Dirk Bracke. Hoewel homoseksualiteit in jeugromans in die nuwe millennium meer prominent geword het, is die uitbeelding steeds grootliks geskaar by tienerseuns se seksualiteit. Die lesbiese tiener blyk in die minderheid te wees, veral in die Afrikaanse jeugroman. In 2015 merk Rhebergen en Human (2015:63) op dat daar amper geen lesbiërs bestaan in die Afrikaanse jeugliteratuur nie. Verder stel hulle dat die afwesigheid van vroulike homoseksualiteit in jeugliteratuur nie net eie aan die Afrikaanse jeugliteratuur is nie. Die romans van Bezuidenhout en Bracke speel dus 'n toonaangewende rol in die aanspreek van bogenoemde afwesigheid.

**Bibliografie**

Cart, M. 1997. Honoring Their Stories, Too: Literature for Gay and Lesbian Teens. *The Alan Review*, 25(1). https://scholar.lib.vt.edu/ejournals/ALAN/fall97/cart.html (1 Maart 2022 geraadpleeg).
Peeters, J. 2004. Het taboe doorbroken? Holebiseksualiteit in de adolescentenroman. *Tsjip/Letteren,* 14(1):30-35.
Rhebergen, J en T Human. 2015. Darem meer as moffies? Stereotipering in die voorstelling van homoseksueles en homoseksualiteit in die Afrikaanse jeugliteratuur. *LitNet Akademies*, 12(1):33-67.